# HEILIGE JAAR 2025
# Liturgiese Tekste vir die Jubeljaar

Mis vir die Heilige Jaar A
Mis vir die Heilige Jaar B
Mis vir die Heilige Jaar C

Liturgie van die Woord – Gewone Tyd

Skuldbelydenis I
Skuldbelydenis II
Skuldbelydenis III
Skuldbelydenis IV
Skuldbelydenis V

Algemene Voorbede (Smeekbedes) I
Algemene Voorbede (Smeekbedes) II
Algemene Voorbede (Smeekbedes) III
Algemene Voorbede (Smeekbedes) IV

*Bekragtig deur die Dikasterie vir die Goddelike Erediens en die Dissipline van die Sakramente, Mei 13, 2024 (Prot. n. 276/24)*
***Goedgekeur vir Liturgiese Gebruik tydens die Jubeljaar 2025: Desember 24, 2024–Januarie 6, 2026***
*Hierdie Afrikaanse vertaling met vergunning van*
*Die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

# MIS VIR DIE HEILIGE JAAR

Waar daar vieringe plaasvind vir die Heilige Jaar mag hierdie Heilige Mis gebruik word met die eie liturgiese kleure van die betrokke dag of dié van die liturgiese seisoen, behalwe op Hoogfeeste, die weeksdae van die Goeie Week, die Heilige Triduum, die dae van die Paasoktaaf, die weeksdae van Advent vanaf 17 Desember tot en met 24 Desember, die dae van die Kersoktaaf, Allersiele en Aswoensdag.

### A

**Intree antifoon** Ps 27 (26):14

Stel jou verwagting op die Here,
wees sterk, hou goeie moed, ja, reken op die Here (Paastyd halleluja)!

## Openingsgebed

**Almagtige ewiglewende God,
na U smag die mens se hart,
bewys u guns aan u volk
op hul pelgrimsreis in hierdie genadejaar,
sodat hulle deur hul verbintenis met Christus,
die rots van ons heil, met vreugde die doel
van hul salige hoop mag bereik.
Deur onse Here Jesus Christus, u Seun,
wat met U in die eenheid van die Heilige Gees,leef en heers,
God tot in alle ewigheid.**

## Gebed oor die Gawes

**Ons bid U, Here,
aanvaar in medelye,die offergawes van u familie,
sodat hulle onder u beskermende sorg
nooit dit wat hulle ontvang het, mag verloor nie,
maar die gawes wat ewig is, sal bekom.
Deur Christus onse Here.**

## Prefasie: Christus, ons enigste hoop

V. **Mag die Here met u wees.**
R. En met u gees.

V. **Verhef u harte.**
R. Ons verhef hulle tot die Here.

V. **Laat ons die Here ons God dank.**
R. Dit is paslik en reg.

**Dit is waarlik paslik en reg, ons plig en heilsaam,**
**om U, heilige Vader, almagtige en ewige God,**
**altyd en oral te dank.**

**Want in hierdie genadetyd,**
**versamel U in een familie u kinders,**
**sodat hulle, verlig deur die Woord van die Lewe,**
**met blydskap die geheimenis mag vier,**
**van u gekruisigde en opgestane Seun.**

**Hy is die verlossing,**
**wat altyd aangeroep en verwag is,**
**wat almal na sy tafel roep,**
**wat die wonde van liggaam en gees genees,**
**en blydskap aan mense in nood besorg.**

**Deur al hierdie tekens van u guns,**
**word ons herbore met 'n lewende geloof in 'n hoop wat al hoe sterker is,**
**en offer ons onsself op vir ons broers en susters in liefdesdiens,**
**soos ons die wederkoms van die Here afwag.**

**Deur Hom, met die Engele en al die Heiliges,**
**sing ons u loflied, soos ons sonder ophou uitroep:**

**Heilig, Heilig, Heilige Here, God van die leërskare . . .**

**Kommunie antifoon** Vgl. Luk 4:18, 19

Die Gees van die Here is op My,
omdat Hy My gesalf het om die goeie boodskap
aan arm mense te verkondig
en om die genadejaar van die Here aan te kondig (Paastyd halleluja).

## Gebed ná Kommunie

**O God,**
**wat ons met die een Brood verkwik en ons met een hoop onderhou,**
**versterk ons net so, bid ons U,**
**deur u genade, sodat ons, één van liggaam en één van gees in Christus,**
**saam met Hom in heerlikheid mag verrys.**
**Hy wat leef en heers vir ewig en altyd.**

## Plegtige Seënbede

**Mag die Here u seën en bewaar.**
R. Amen.

**Mag Hy sy aangesig oor u laat skyn en Hom oor u ontferm.**
R. Amen.

**Mag Hy u sy aanskyn toon en u sy vrede skenk.**
R. Amen.

**En mag die seën van die almagtige God,**
**die Vader, en die Seun, ✠ en die Heilige Gees,**
**op u neerdaal en vir ewig by u bly.**
R. Amen.

*Bekragtig deur die Dikasterie vir die Goddelike Erediens en die Dissipline van die Sakramente, Mei 13, 2024 (Prot. n. 276/24)*
***Goedgekeur vir Liturgiese Gebruik tydens die Jubeljaar 2025: Desember 24, 2024–Januarie 6, 2026***
*Hierdie Afrikaanse vertaling met vergunning van*
*Die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

# MIS VIR DIE HEILIGE JAAR

Waar daar vieringe plaasvind vir die Heilige Jaar mag hierdie Heilige Mis gebruik word met die eie liturgiese kleure van die betrokke dag of dié van die liturgiese seisoen, behalwe op Hoogfeeste, die weeksdae van die Goeie Week, die Heilige Triduum, die dae van die Paasoktaaf, die weeksdae van Advent vanaf 17 Desember tot en met 24 Desember, die dae van die Kersoktaaf, Allersiele en Aswoensdag.

**B**

**Intree Antifoon** Vgl. Ps 90 (89):1-2

Here, U was vir ons 'n toevlug van die een geslag na die ander (Paastyd halleluja).

## Openingsgebed

**O God, wat in die volheid van die tyd**
**u Seun as Heiland na die wêreld gestuur het,**
**gee dat die lig van sy Paasgeheimenis ons,**
**soos ons op ons pelgrimsreis deur die geskiedenis gaan,**
**na 'n ontmoeting met U, ons enigste hoop, mag lei.**
**Deur onse Here Jesus Christus, u Seun,**
**wat met U in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers,**
**God tot in alle ewigheid.**

## Gebed oor die Gawes

**O Here, mag die offergawes wat ons as blye viering**
**in hierdie heilige jaar op u altare aanbied,**
**aanvaarbaar voor u aangesig wees,**
**sodat ons mag deel in die ewige lewe van Hom**
**deur Wie se sterflikheid ons van die dood gered is,**
**Jesus Christus onse Here.**
**Hy wat leef en heers tot in alle ewigheid.**

## Prefasie: Christus, ons ware hoop

V. **Mag die Here met u wees.**
R. En met u gees.

V. **Verhef u harte.**
R. Ons verhef hulle tot die Here.

V. **Laat ons die Here ons God dank.**
R. Dit is paslik en reg.

**Dit is waarlik paslik en reg, ons plig en heilsaam,
om U, heilige Vader, almagtige en ewige God,
altyd en oral te dank, deur Christus onse Here.**

**Want u Seun, wat voor alle tye verwek is,
binne tyd uit die Maagd Maria gebore is,
en deur die Heilige Gees gesalf is,
het in u Naam 'n genadejaar aangekondig,
om vertroosting te bring aan hulle wat ly,
vrylating aan gevangenes,
en redding en vrede aan alle mense.**

**Hy is die een ware hoop,
wat alle menslike hoop te bowe gaan,
en in elke tyd sy Lig laat skyn.**

**En daarom, met al die Engele en Heiliges, loof ons U,
soos ons sonder ophou uitroep:**

**Heilig, Heilig, Heilige Here God van die leërskare . . .**

### Kommunie antifoon

Tit 2:12-13 (1983)

Die genade van God laat ons met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenwoordige wêreld lewe, terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag, die heerlikheid van ons grote God (Paastyd halleluja).

## Gebed ná Kommunie

**O Here, ons bid dat ons deelname aan u tafel ons sal heilig,**
**en sal verleen dat alle nasies met vreugde die verlossing**
**wat u Eniggebore Seun aan die Kruis verwerf het,**
**deur die Sakrament van u Kerk sal ontvang.**
**Hy wat leef en heers tot in alle ewigheid.**

## Gebed oor die Mense

**O Here, wees hulle naby wat U aanroep,**
**en gun u genaderyke beskerming**
**aan almal wat hul hoop in u ontferming plaas,**
**sodat hulle getrou aan 'n heilige lewe,**
**en met genoeg vir hulle behoeftes in dié wêreld,**
**vir ewig volle erfgename van u belofte sal word.**
**Deur Christus onse Here.**
R. Amen.

**En mag die seën van almagtige God,**
**die Vader, en die Seun, ✠ en die Heilige Gees,**
**op u neerdaal en vir altyd by u bly.**
R. Amen.

*Bekragtig deur die Dikasterie vir die Goddelike Erediens en die Dissipline van die Sakramente, Mei 13, 2024 (Prot. n. 276/24)*
***Goedgekeur vir Liturgiese Gebruik tydens die Jubeljaar 2025: Desember 24, 2024–Januarie 6, 2026***
*Hierdie Afrikaanse vertaling met vergunning van*
*Die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

# MIS VIR DIE HEILIGE JAAR

Waar daar vieringe plaasvind vir die Heilige Jaar mag hierdie Heilige Mis gebruik word met die eie liturgiese kleure van die betrokke dag of dié van die liturgiese seisoen, behalwe op Hoogfeeste, die weeksdae van die Goeie Week, die Heilige Triduum, die dae van die Paasoktaaf, die weeksdae van Advent vanaf 17 Desember tot en met 24 Desember, die dae van die Kersoktaaf, Allersiele en Aswoensdag.

## C

**Intree antifoon** Tit 3:5, 7 (1983)

God het ons verlos deur die wedergeboorte
wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees,
wat nuwe lewe gee. So is ons dan deur sy genade
vrygespreek en het ons erfgename geword
van die ewige lewe wat ons verwag (Paastyd halleluja).

## Openingsgebed

**O God, wat deur u Eniggebore Seun**
**die geneesmiddel van verlossing en die gawe van die ewige lewe**
**aan die mensdom gebring het,**
**gun aan almal wat in Christus herbore word**
**die verlange en krag om te doen wat U beveel,**
**sodat die mense wat tot u Koninkryk geroep is,**
**standvastig in geloof, vreugdevol in hoop,**
**en aktief in naastediens sal staan.**
**Deur onse Here Jesus Christus, u Seun,**
**wat met U in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers,**
**God tot in alle ewigheid.**

## Gebed oor die Gawes

**Aanskou, o Here, die aangesig van u Christus,**
**ons enigste hoop,**
**wat Homself oorgegee het as losprys vir almal,**
**sodat u Naam deur Hom,**
**verhoog mag word onder alle volkere,**
**vanaf die opkoms van die son tot sy ondergang,**
**en op elke plek as enkele offergawe**
**aan u majesteit opgedra mag word.**
**Deur Christus onse Here.**

## Prefasie: Christus, God en mens, die Verlosser van almal

V. **Mag die Here met u wees.**
R. En met u gees.

V. **Verhef u harte.**
R. Ons verhef hulle tot die Here.

V. **Laat ons die Here ons God dank.**
R. Dit is paslik en reg.

**Dit is waarlik paslik en reg, ons plig en heilsaam,**
**om U, heilige Vader, almagtige en ewige God,**
**altyd en oral te dank, deur Christus onse Here.**

**Want in Hom word u beloftes van ouds vervul,**
**wyk skaduwees voor die lig,**
**bevind die wêreld homself herbore,**
**en word die mens herskep.**

**Deur sy eenmalige offer vir almal aan die Kruis,**
**het Hy verlang om al u kinders wat uiteengedryf was byeen te bring,**
**en in heerlikheid verhef,**
**as eersgeborene onder baie,**
**bied Hy aan ons die hoop van ewige blydskap.**

**En daarom, Here, met al die Engele en Heiliges,**
**gee ook ons U dank, soos ons met jubelsange uitroep:**

**Heilig, Heilig, Heilige Here God van die leërskare . . .**

### Kommunie antifoon

Matt 28:20

En kyk, Ek is met julle al die dae,
tot aan die voleinding van die tyd (Paastyd halleluja).

## Gebed ná Kommunie

**Versterk deur hemelse Brood, vra ons U, o Here,**
**dat ons, deur altyd vas te hou aan die Evangelie van die lewe,**
**ŉ lewegewende suurdeeg en middel tot verlossing**
**vir die menslike familie mag word.**
**Deur Christus onse Here.**

## Plegtige Seënbede

**Mag die vrede van God,**
**wat alle begrip te bowe gaan,**
**u harte en verstand vul,**
**met die kennis en liefde van God en van sy Seun, onse Here Jesus Christus.**
R. Amen.

**En mag die seën van almagtige God,**
**die Vader, en die Seun, ✠ en die Heilige Gees,**
**op u neerdaal en vir altyd by u bly.**
R. Amen.

*Bekragtig deur die Dikasterie vir die Goddelike Erediens en die Dissipline van die Sakramente, Mei 13, 2024 (Prot. n. 276/24)*
***Goedgekeur vir Liturgiese Gebruik tydens die Jubeljaar 2025: Desember 24, 2024–Januarie 6, 2026***
*Hierdie Afrikaanse vertaling met vergunning van*
*Die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

# MIS VIR DIE HEILIGE JAAR

Gedurende die Advent, Kerstyd, Vastyd, en Paastyd, word die Skriflesings van die betrokke weeksdag vir die Liturgie van die Woord gebruik.

## LITURGIE VAN DIE WOORD
## (in Gewone Tyd)

### Eerste Skriflesing

Eerste Opsie

*Die HERE my gesalf en gestuur om 'n goeie boodskap te bring*
*aan die magteloses en hulle vreugde-olie te gee.*

'n Voorlesing uit die Boek van die Profeet Jesaja — 61:1-3a, 6a, 8b-9

Die Gees van my Heer,
die HERE is op my,
omdat die HERE my gesalf het.
Hy het my gestuur om 'n goeie boodskap te bring aan magteloses,
om dié met gebroke harte se wonde te verbind,
om dié wat weggevoer is se vrylating aan te kondig
en bevryding vir dié wat geboei is,
om die genadejaar van die HERE aan te kondig, ons God se dag van wraak,
om almal wat rou, te troos,
om te voorsien vir hulle wat oor Sion rou, om vir hulle tulbande te gee in plaas van stof,
vreugde-olie in plaas van rou, klere vir lofprysing in plaas van 'n verslae gees.

Maar julle, priesters van die HERE
sal julle genoem word.
As dienaars van ons God
sal daar na julle verwys word.

Ek sal hulle beloning aan hulle gee
op grond van my trou;
'n ewige verbond sal Ek met hulle sluit.
Hulle nageslag sal bekend wees
onder die nasies,
hulle nakomelinge onder die volke.
Almal wat hulle sien
sal hulle herken -
dat hulle die geslag is
wat deur die HERE geseën is.

Die woord van die Here.

Tweede Opsie

*God se liefde is in ons harte uitgestort.*

'n Voorlesing uit Sint Paulus se Brief aan die Romeine 5:5-11

Broers en susters:
Die hoop beskaam nie,
want God se liefde is in ons harte uitgestort
deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.
Toe ons nog magteloos was, het Christus
immers op die regte tyd vir goddeloses gesterf.
'n Mens sal nie maklik vir 'n regverdige persoon sterf nie,
al sou 'n mens dalk nog die moed hê om vir so 'n goeie persoon te sterf.
God bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf
het toe ons nog sondaars was.
Hoeveel te meer sal ons dan deur Hom van die oordeel gered word, noudat ons deur sy bloed geregverdig is!
As ons, toe ons nog vyande was,
met God versoen is deur die dood van sy Seun,
hoeveel te meer sal ons deur sy lewe verlos word
noudat ons met Hom versoen is!
Maar dis nie al nie;
ons vind ons roem ook in God deur ons Here Jesus Christus,
deur wie ons nou die versoening ontvang het.

Die woord van die Here.

## Beurtpsalm

Ps 89 (88):21-22, 25 en 27

R. (2) Die verhaal, Here, van u liefde wil ek altyd uitsing.

Ek het Dawid, my dienaar, gevind
en Hom met my heilige olie gesalf.
My hand sal hom krag verleen
en met sterkte sal my arm hom steun. R.

My trou en liefde sal hom bystaan
en in my Naam sal hy oorwin.
Vir My sal hy sê: 'U is my Vader,
my God, die rots van my heil.' R.

## Evangelie Akklamasie

Jes 61:1 (aangehaal in Luk 4:18)

R. Halleluja, halleluja.

Die Gees van die Here is op My,
omdat Hy My gesalf het
om die goeie boodskap
aan arm mense te verkondig. R.

## Evangelie

*Hy het My gestuur om die genadejaar van die Here aan te kondig.*

✠ 'n Voorlesing uit die heilige Evangelie volgens Lukas 4:16-21

In dié tyd toe Jesus in Nasaret kom,
waar Hy grootgeword het,
het Hy op die Sabbat na die sinagoge gegaan, soos sy gewoonte was.
Toe Hy opstaan om voor te lees, is die boekrol van die profeet Jesaja vir Hom aangegee,
en Hy het dit oopgerol en die plek gevind waar geskryf staan:

*Die Gees van die Here is op My,omdat Hy My gesalf het*
*om die goeie boodskap aan arm mense te verkondig.*
*Hy het My gestuur om vir gevangenes aan te kondig dat hulle vrygelaat sal word,*
*en vir blindes dat hulle weer sal sien,*
*om onderdruktes te bevry en om die genadejaar van die Here aan te kondig.*

Hierna het Jesus die boekrol opgerol,
dit aan die amptenaar teruggegee en gaan sit.
Almal in die sinagoge se oë was stip op Hom gerig.
Toe het Hy met hulle begin praat:
"Hierdie gedeelte uit die Skrif is vandag vervul
terwyl julle daarna geluister het."

Die Evangelie van die Here.

*Bekragtig deur die Dikasterie vir die Goddelike Erediens en die Dissipline van die Sakramente, Mei 13, 2024 (Prot. n. 276/24)*
***Goedgekeur vir Liturgiese Gebruik tydens die Jubeljaar 2025: Desember 24, 2024–Januarie 6, 2026***
*Hierdie Afrikaanse vertaling met vergunning van*
*Die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

# MIS VIR DIE HEILIGE JAAR

Hierdie formuliere mag gebruik word in Misse gedurende die Heilige Jaar.

## SKULDBELYDENIS

### I

**Here, U wek ons geloof op:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

**Christus, U besiel ons hoop:**
**Christus, ontferm U oor ons.**
R. Christus, ontferm U oor ons.

**Here, U ontvlam ons geloof:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

### II

**Here, U het die oë van blindes geopen en gevangenes bevry.**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

**Christus, U het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde belowe:**
**Christus, ontferm U oor ons.**
R. Christus, ontferm U oor ons.

**Here, U heers nou aan die regterhand van die Vader:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

### III

**Here, U is die lig waarvoor die duisternis wyk:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

**Christus, U is die poort wat na verlossing lei:**
**Christus, ontferm U oor ons.**
R. Christus, ontferm U oor ons.

**Here, U is die hoop wat geen einde ken nie.**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

## IV

**Here, U is ons hoop:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

**Christus, U is ons Heiland:**
**Christus, ontferm U oor ons.**
R. Christus, ontferm U oor ons.

**Here, U is ons lewe:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

## V

**Here, U bewaar die armes:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

**Christus, U is die toevlug van die swakkes:**
**Christus, ontferm U oor ons.**
R. Christus, ontferm U oor ons.

**Here, U is die hoop van sondaars:**
**Here, ontferm U oor ons.**
R. Here, ontferm U oor ons.

*Bekragtig deur die Dikasterie vir die Goddelike Erediens en die Dissipline van die Sakramente, Mei 13, 2024 (Prot. n. 276/24)*
***Goedgekeur vir Liturgiese Gebruik tydens die Jubeljaar 2025: Desember 24, 2024–Januarie 6, 2026***
*Hierdie Afrikaanse vertaling met vergunning van*
*Die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*

# MIS VIR DIE HEILIGE JAAR

Tydens die Heilige Jaar mag hierdie formuliere in Misse gebruik word.

## ALGEMENE VOORBEDE (SMEEKBEDES)

## I

### Priester se Inleiding

**Die Heer van die lewe en die geskiedenis**
**skenk die bystand van die Heilige Gees**
**aan pelgrims op hul reis deur die tyd,**
**sodat hulle die paaie sal raaksien wat na goedheid lei en in staat sal wees om te verkondig: "Jesus is Here."**
**Laat ons nou met vaste hoop ons hemelse Vader aanroep.**

### Respons

R. Onse Vader, verhoor ons.

### Priester se Gebed

**God onse Vader, verhoor ons gebed:**
**mag alle mense U leer ken,**
**die enigste en ware God,**
**en Hom wat U gestuur het,**
**Jesus Christus, u Seun.**
**Wat leef en heers tot in alle ewigheid.**
R. Amen.

## II

### Priester se Inleiding

**Broers en susters,**
**kom ons bied ons gebed aan die Vader**
**wat in Christus die poorte van hoop en lewe vir alle mense oopgemaak het.**

### Respons

R. Betoon ons, o Here, u ontferming.

### Priester se Gebed

**O Vader,**
**U skenk ons die vreugde om in u huis te woon,**
**om die lof van u Naam te besing**
**en om die krag van u liefde te ontvang;**
**verlig ons lewens met die Heilige Gees**
**en maak van ons getuies van die hoop**
**wat daar in die Evangelie te vinde is.**
**Deur Christus onse Here.**
R. Amen.

## III

### Priester se Inleiding

**Die woord van God waarna ons luister**
**is die grondslag van ons geloof,**
**dit voed ons hoop,**
**en vuur ons aan in ons naastediens.**
**Laat ons die Vader aanroep vir die behoeftes van die wêreld.**

### Respons

R. Here God, verlig en voed ons op ons reis.

### Priester se Gebed

**God onse Vader,**
**in Christus het U ons die waarheid gegee wat ons verlig,**
**die weg wat ons moet volg,**
**en die lewe wat ons deurentyd vernuwe;**
**voed ons met die krag van u Gees**
**sodat ons elke dag mag vorder in u liefde en in die hoop van u Koninkryk.**
**Deur Christus onse Here.**
R. Amen.

## IV

### Priester se Inleiding

**Laat ons met vertroue en in eenheid**
**ons gebed aan die Vader opdra,**
**Hy wat ons oproep om in die blydskap van sy Koninkryk te deel.**

### Respons

R. Versterk ons hoop, o Here.

### Priester se Gebed

**O God onse Vader,**
**U begelei en onderhou u Kerk op haar pelgrimsreis;**
**wek in ons 'n lewende hoop deur die lig en krag van u Gees,**
**sodat ons die tekens van u teenwoordigheid**
**in die gebeure van ons wêreld mag raaksien.**
**Deur Christus onse Here.**
R. Amen.

*Bekragtig deur die Dikasterie vir die Goddelike Erediens en die Dissipline van die Sakramente, Mei 13, 2024 (Prot. n. 276/24)*
***Goedgekeur vir Liturgiese Gebruik tydens die Jubeljaar 2025: Desember 24, 2024–Januarie 6, 2026***
*Hierdie Afrikaanse vertaling met vergunning van*
*Die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie*